HOëRSKOOL
ELDORAIGNE

10 November 2025

Geagte Ouers

Baie dankie aan elkeen wat die Algemene Jaarvergadering van 6 November 2025 bygewoon het. Ons waardeer u betrokkenheid en die tyd wat u ingeruim het. Ons wil ook graag ons opregte dank uitspreek vir u geduld en begrip ten spyte van die IT-uitdagings wat tydens die vergadering ondervind is. Die 2026 begroting is met 'n oorgrote meerderheidstem goedgekeur (89.2%) en ons gee graag die volgende belangrike inligting aan u deur.

**SKOOLGELD: 2026**

Skoolgeld vir 2026 is vasgestel op **R48 510** per leerder per jaar. Op aanbeveling van die Beheerliggaam, word die volgende terme van betaling toegelaat:

| Betalingsopsies beskikbaar | |
|---|---|
| Eenmalig betaalbaar voor 31 Maart 2026: **5% korting** | R46 085/kind |
| 11 (Elf) maandelikse paaiemente vanaf Jan tot Nov 2026 | R4 410/maand per kind |
| ➢ *Betaling van alle skoolgelde kan per debietorder/internet(EFT)/kaart/kontant gedoen word.* | |

**Notas:**

- Kragtens Artikel 39 en 40(1) van die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996, is beide ouers gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir die betaling van skoolgeld.
- Die vergunning van afbetaling, verval indien ouers nie stiptelik maandeliks by die paaiemente hou nie. Die volle bedrag is dan onmiddellik betaalbaar.
- Die uitstaande balans mag te enige tyd ten volle (vooruit) vereffen word.

Die volgende is ingesluit by die skoolgeld vir 2026:

- Handboeke
- Eerste stel skrifte
- Busvervoer vir alle ligawedstryde en kultuuraktiwiteite

Verwys asb na **Aanhangsel A** vir uiteensetting van items wat nie by die skoolgeld ingesluit is nie en bykomend deur ouers, volgens gebruik/deelname, betaal moet word.

**DEBIETORDER (JANUARIE TOT NOVEMBER):**

- Ons beveel aan dat u asb. gebruik maak van die debietorder opsie. Hierdeur kan ons kontantloos funksioneer en dit vergemaklik ons administrasie geweldig.
- **Debietorders dra nie van jaar tot jaar oor nie en moet jaarliks volledig voltooi word.** Vorms kan by die finansiële kantoor ingehandig of per e-pos aan finansies@hseldo.co.za gestuur word.
- Aftrekkings word vanaf Januarie tot November op die 1ste / 15de / 26ste / 28ste dag van elke maand vanaf u rekening verhaal.
- Dit is ouers se verantwoordelikheid om die finansiële kantoor in te lig indien bankbesonderhede vir debietorder verander het.
- Indien u die debietorder wil kanselleer moet u 'n maand skriftelik kennis gee.

**MAANDELIKSE ELEKTRONIESE OORPLASING, KREDIETKAARTBETALINGS EN KONTANT:**

- Betaalbaar vanaf Januarie tot November in 11 gelyke paaiemente, R4 410 per maand.

- Dit is uiters belangrik om te alle tye u rekeningnommer (soos dit op u rekeningstaat verskyn) as verwysing te gebruik (bv. ZZZ100).
- Kontak gerus vir Me Aletta Reyneke, e-pos finansies@hseldo.co.za, indien u onseker is van u rekeningnommer.

| **BANKBESONDERHEDE** |
| --- |
| **Hoërskool Eldoraigne** |
| **Bank**: ABSA |
| **Takkode:** 632005 |
| **Rekeningnommer:** 326 017 0944 |

**VRYSTELLINGS**

- Volgens wetgewing mag ouers, binne bepaalde voorwaardes, kwalifiseer vir gedeeltelike of algehele vrystelling van skoolgelde.
- In die bepaling van volle of gedeeltelike vrystelling neem die Beheerliggaam, in terme van die regulasie in die staatskoerant, die bruto salaris van beide ouers in berekening as 'n persentasie van die skoolgeld.
- **Ouers moet jaarliks vir vrystelling aansoek doen.**
- Vrystellingsvorms is aan die begin van die skooljaar by die finansiële kantoor beskikbaar en moet persoonlik deur ouers afgehaal word. Vorms word nie via e-pos uitgereik nie. Kontak Me Anna-Marie Meiring (meiringa@hseldo.co.za) in die verband.
- **Oorspronklike, volledig voltooide aansoekvorms, saam met alle stawende dokumente, moet voor 28 Februarie 2026 persoonlik ingehandig word.**
- 'n Debietorder moet deur die ouer voltooi word indien gedeeltelike vrystelling toegestaan word**.**

**ONS WIL GRAAG DIE VOLGENDE VERSOEKE AAN U RIG**:

- Hou ons op datum indien u e-posadres, pos/woonadres en kontakbesonderhede verander.
- Doen u betalings verkieslik per debietorder, internet, debiet- of kredietkaart (fasiliteite is beskikbaar by die skool). Kontantdeposito's gee aanleiding tot verhoogde bankkoste vir die skool en het ook bepaalde risiko's.
- Betalings moet asseblief **voor of op die laaste dag van die maand** waarin gehef is, plaasvind.
- Indien u enige navrae of probleme het ten opsigte van skoolfonds, kan u Me Aletta Reyneke by die skool kontak, hetsy telefonies of per e-pos finansies@hseldo.co.za

Ons bly daartoe verbind om finansiële deursigtigheid te handhaaf en te verseker dat elke rand tot voordeel van u kind se opvoeding aangewend word.

Baie dankie vir u voortdurende ondersteuning, samewerking en lojaliteit jeens Hoërskool Eldoraigne. Saam bou ons voort aan 'n leeromgewing waarin elke kind die geleentheid kry om hul roeping te vervul. Indien u enige navrae het, is u welkom om met die genoemde personeel kontak te maak.

Vriendelike groete

| | | |
| --- | --- | --- |
| **MNR R SMITH** | **MNR P FOURIE** | **MNR F SCHUTTE** |
| **HOOF** | **VOORSITTER: FINANSIES** | **VOORSITTER: BEHEERLIGGAAM** |

## HOËRSKOOL ELDORAIGNE

### AANHANGSEL A: UITEENSETTING VAN MOONTLIKE ADDISIONELE KOSTES 2026

| NO | BESKRYWING | GRAAD 12 | GRAAD 11 | GRAAD 10 | GRAAD 9 | GRAAD 8 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| A | **SKOOLFONDS** | **R48,510** | **R48,510** | **R48,510** | **R48,510** | **R48,510** |
| | | | | | | |
| B | **AKADEMIE** | | | | | |
| | Afrikaans/Engels Tweetalige eksamen | R80 | R80 | R80 | R80 | R80 |
| | Afrikaans - olimpiade | R65 | R65 | R65 | R65 | R65 |
| | Fisiese Wetenskap - Doc Scientia werkboek | R340 | | | | |
| | Gasvryheidstudies - olimpiade | R50 | R50 | | | |
| | IGO werkboeke | R160 | R150 | R150 | | |
| | Mol dag, Pi dag en Eldo Einstein (R40 elk) | R120 | R120 | R120 | R120 | R120 |
| | Rekeningkunde - olimpiade (Proverto) | R130 | R130 | R130 | | |
| | Tegniese Tekene (Beraamde koste vir instrumente, A3 bord ingesluit - Beskikbaar by Groenkas) | | | R1,500 | R1,500 | R1,500 |
| | Winter- en Lenteskool per sessie | R150 | | | | |
| | Wiskunde olimpiade | R40 | R40 | R40 | R40 | R40 |
| | Wiskunde / Wiskundige geletterdheid eksamenhulp | R100 | R100 | R100 | R100 | R100 |
| | Vakveranderingsfooi | R130 | R130 | R130 | | |
| | 8ste vakke | R1,500 | R1,500 | R1,500 | | |
| | **AKADEMIESE SENTRUMFOOIE (Eenmalige jaarlikse heffing)** | | | | | |
| | Dans | | | | R200 | R200 |
| | Elektronika | R800 | R800 | R800 | R200 | R200 |
| | Gasvryheidstudies (Sjefdrag ingesluit by Gr8 en Gr 10) | R900 | R900 | R1,560 | R400 | R550 |
| | IT | R500 | R500 | R500 | | |
| | Kuns & Ontwerp | | | | R200 | R200 |
| | Ontwerp | R500 | R500 | R500 | | |
| | RTT | R500 | R500 | R500 | R200 | R200 |
| | Robotika en Kodering | | | | R1,500 | R1,500 |
| | Siviele Tegnologie | | R800 | R800 | | |
| | Visuele Kunste | R500 | R500 | R500 | | |
| | | | | | | |
| C | **SENTRUM VIR UITNEMENDHEID:** | | | | | |
| | **Alpha Wiskunde** | R3,500 | R2,900 | R2,900 | R2,900 | |
| | **Kunsakademie:** | | | | | |
| | Kunsakademie: Klasgelde per leerder per kwartaal | R700 | R700 | R700 | R700 | R700 |
| | **Drama-akademie:** | | | | | |
| | Groepklasse (per leerder per maand) | R500 | R500 | R500 | R500 | R500 |
| | **Dansakademie:** | | | | | |
| | Groep afrigting vir dans akademie (per leerder per maand) | R450 | R450 | R450 | R450 | R450 |
| | **Skryfskool:** | | | | | |
| | Groepklasse (per leerder per maand) | R360 | R360 | R360 | R360 | R360 |
| | **Modelskool:** | | | | | |
| | Groepklasse (per leerder per kwartaal) | R1,350 | R1,350 | R1,350 | R1,350 | R1,350 |
| | **Fotografie:** | | | | | |
| | Registrasiefooi per jaar | R350 | R350 | R350 | R350 | R350 |
| | Groepklasse (per leerder per kwartaal) | R1,350 | R1,350 | R1,350 | R1,350 | R1,350 |
| | **Musiek: Klavier, viool, klawerbord, kitaar, baskitaar, ukulele, teorie** | | | | | |
| | Lesse: 30 minute (x 30 lesse per jaar - maandelikse fooi) | R985 | R985 | R985 | R985 | R985 |
| | **Frans:** | | | | | |
| | Groepklasse (per leerder per module van 30 sessies) | R9,000 | R9,000 | R9,000 | R9,000 | R9,000 |
| | **Vliegakademie:** | | | | | |
| | Groepklasse (per leerder per maand) | R1,000 | R1,000 | R1,000 | R1,000 | R1,000 |

| NO | BESKRYWING | GRAAD 12 | GRAAD 11 | GRAAD 10 | GRAAD 9 | GRAAD 8 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| D | **KULTUUR** | | | | | |
| | Redenaars & Orators (Individuele inskrywing per kompetisie) | R230 | R230 | R230 | R230 | R230 |
| | Redenaars & Orators (Inskrywing per span) | R550 | R550 | R550 | R550 | R550 |
| | Toneel (Intern - per item per lid) | R50 | R50 | R50 | R50 | R50 |
| | Toneel (Aardklop Finaal - per lid) | R6,000 | R6,000 | R6,000 | R6,000 | R6,000 |
| | Toneel (ATKV Finaal - Johannesburg - per lid) | R1,000 | R1,000 | R1,000 | R1,000 | R1,000 |
| | Toneel (Bloemfontein - per lid) | R3,500 | R3,500 | R3,500 | R3,500 | R3,500 |
| | Toneel (Helpmekaar - per lid) | R1,200 | R1,200 | R1,200 | R1,200 | R1,200 |
| | Eldo Kunstefees (Inskrywing per leerder per item) | R80 | R80 | R80 | R80 | R80 |
| | Eldo Kunstefees (Toegang per persoon) | R20 | R20 | R20 | R20 | R20 |
| | Eldo Zing (Inskrywing per solis) | R80 | R80 | R80 | R80 | R80 |
| | Eldo Zing (Duet Inskrywing) | R100 | R100 | R100 | R100 | R100 |
| | Eldo Zing (Trio Inskrywing) | R120 | R120 | R120 | R120 | R120 |
| | Eldo Zing (Groep Inskrywing) | R180 | R180 | R180 | R180 | R180 |
| | Eldo Musiq Konsert (Toegang per persoon) | R70 | R70 | R70 | R70 | R70 |
| | Toegangsgelde: Uitdunrondtes (Eldo Kunstefees) | R20 | R20 | R20 | R20 | R20 |
| | Toegangsgelde: Uitdunrondtes (Eldo Zing) | R20 | R20 | R20 | R20 | R20 |
| | Toegangsgelde: Kultuurkarnaval (per persoon) | R50 | R50 | R50 | R50 | R50 |
| | Toegangsgelde: Eldo Zing Finaal (per persoon) | R100 | R100 | R100 | R100 | R100 |
| | Kultuurkarnaval (Inskrywing per solis) | R30 | R30 | R30 | R30 | R30 |
| | Kultuurkarnaval (Duet Inskrywing) | R40 | R40 | R40 | R40 | R40 |
| | Kultuurkarnaval (Groep Inskrywing) | R50 | R50 | R50 | R50 | R50 |
| | Dansspan deelnemersfooi (eenmalige bedrag per deelnemer per dans) | R400 | R400 | R400 | R400 | R400 |
| | Dansspan (Uitrusting per leerder) | R750 | R750 | R750 | R750 | R750 |
| | Chearleaderspan deelnemersfooi | R400 | R400 | R400 | R400 | R400 |
| | Chearleaderspan (Uitrusting per leerder) | R750 | R750 | R750 | R750 | R750 |
| | Mnr & Mej Eldoraigne (Deelnemersfooi/donasie) | R5,000 | R5,000 | R5,000 | | |
| | Mnr & Mej Eldoraigne (Gala-aand toegang per persoon) | R150 | R150 | R150 | R150 | R150 |
| | Mnr & Mej Eldoraigne (Professionele foto's - per finalis) | R300 | R300 | R300 | R300 | R300 |
| | Koor: (Jaarlikse kamp per lid) | R2,000 | R2,000 | R2,000 | R2,000 | R2,000 |
| | Kooruniform (per lid) | R850 | R850 | R850 | R850 | R850 |
| | | | | | | |
| E | **TOERE EN KAMPE (SPORT UITGESLUIT)** | | | | | |
| | Graadkampe/uitstappies | | | R1,900 | | R2,450 |
| | Lewenswetenskap instappie (Bokslag) | R300 | R300 | | | |
| | LR Kamp en klere | | R6,000 | | | |
| | Hoofleierssimposium | | R1,000 | | | |
| | | | | | | |
| F | **ANDER** | | | | | |
| | Matriekafskeid - skoolleerder | R1,100 | | | | |
| | Matriekafskeid - buite gas | R1,300 | | | | |
| | Valentynsbal | R320 | R320 | R320 | R320 | R320 |
| | Lentesokkie | R100 | R100 | R100 | R100 | R100 |
| | VLR das | R250 | R250 | R250 | R250 | R250 |
| | VLR balkie | R100 | R100 | R100 | R100 | R100 |
| | Sluitkassies (Verskil per grootte, Maksimum) | R500 | R500 | R500 | R500 | R500 |

| NO | BESKRYWING | Eerste span | Onder 16 | Onder 15 | Onder 14 | B en C-spanne |
|---|---|---|---|---|---|---|
| G | **SPORT** | | | | | |
| | **Atletiek** | | | | | |
| | Atletiek Kamp - Januarie | R1,950 | R1,950 | R1,950 | R1,950 | |
| | Byeenkoms gedurende Oktober | R100 | R100 | R100 | R100 | |
| | **Bergfiets** | | | | | |
| | NWU Skolereeks (indien gekies) | R250 | R250 | R250 | R250 | |
| | **Gholf** | | | | | |
| | NWU Skolereeks (indien gekies) | R4,500 | R4,500 | | | |
| | **Hokkie** | | | | | |
| | 0/14 (A) Dogters - Roedean JHB | | | | R1,500 | |
| | 0/14 (A) Dogters - Outeniqua (Kwagga toernooi) | | | | R6,500 | |
| | 0/14 (A) Dogters - Noordvaal | | | | R2,500 | |
| | 0/14 (B) Dogters - PTA - Kliniek Nedstar | | | | | R2,750 |
| | 0/15 (A) Dogters - Keith Fairweather Festival | | | R4,500 | | |
| | 0/15 (A) Dogters - Linden Festival | | | R1,500 | | |
| | 0/15 (A) Dogters - Noordvaal | | | R2,500 | | |
| | 0/15 (B) Dogters - Helpmekaar Toernooi | | | | | R2,500 |
| | 0/16 (A) Dogters - St Marys Kloof | | R4,500 | | | |
| | 0/16 (A) Dogters - St Andrews Festival | | R1,500 | | | |
| | 0/16 (A) Dogters - Noordvaal | | R2,500 | | | |
| | 0/16 (B) Dogters - Helpmekaar Toernooi | | | | | R2,500 |
| | 1ste Dogters - Kaap | R10,000 | | | | |
| | 1ste Dogters - Noordvaal | R2,500 | | | | |
| | 3de Dogters - PTA - Eldo Tweedes Fees | | | | | R1,250 |
| | 2de Dogters - PTA - Eldo Tweedes Fees | | | | | R1,250 |
| | 0/14 (A) Seuns - Outeniqua (Kwagga Toernooi) | | | | R6,500 | |
| | 0/14 (A) Seuns - Noordvaal | | | | R2,500 | |
| | 0/14 (B) Seuns - Tuis Kliniek | | | | | R2,000 |
| | 0/16 (A) Seuns - Keith Fairweather Festival | | R4,500 | | | |
| | 0/16 (A) Seuns - Michael House (Toernooi) | | R3,000 | | | |
| | 0/16 (A) Seuns - Noordvaal | | R2,500 | | | |
| | 0/16 (B) Seuns - Tuis Kliniek | | | | | R2,000 |
| | 1ste Seuns - Oos London | R10,000 | | | | |
| | 1ste Seuns - Top Schools Grey College | R4,500 | | | | |
| | 1ste Seuns - KES JHB | R2,000 | | | | |
| | 2de Seuns - PTA - Eldo Tweedes Fees | | | | | R1,250 |
| | **Krieket** | | | | | |
| | O14A, O15A en 2de-span Steenbok-week (Pretoria) | | | R1,700 | R1,700 | R1,700 |
| | 1ste Span - Kovsies Clash Bloemfontein | R4,500 | | | | |
| | Junie - Wintertoer (alle spanne) | R4,700 | R4,700 | R4,700 | R4,700 | R4,700 |
| | **Landloop** | | | | | |
| | NWU PUKKE - Skolereeks - April | R1,200 | R1,200 | R1,200 | R1,200 | R1,200 |
| | Landloopkamp | R1,950 | R1,950 | R1,950 | R1,950 | R1,950 |
| | **Muurbal** | | | | | |
| | NWU PUKKE - Skolereeks - April | R2,300 | R2,300 | R2,300 | R2,300 | R2,300 |
| | **Netbal** | | | | | |
| | Kliniek: HS Eldo (A - D spanne) | R700 | R700 | R700 | R700 | R700 |
| | Kursus: (Alle A & B spanne) - Roaring Sky | R2,800 | R2,800 | R2,800 | R2,800 | R2,800 |
| | Affiesfees O/14A, O/15A, O/16A en O/17A spanne | R1,000 | R1,000 | R1,000 | R1,000 | |
| | Klofiefees O/14B, O/15B, O/16B en O/17B spanne | | | | | R1,000 |
| | C-span Toernooi O/14 tot O/16 C-spanne en 2de span | | | | | R2,300 |
| | La Rochelle: slegs O/19 (A) | R9,000 | | | | |
| | SASN uitspele: slegs A-spanne (as kwalifiseer) | R2,000 | R2,000 | R2,000 | R2,000 | |
| | **Rugby** | | | | | |
| | Mauritz Hansen Rugbyweek: Naboomspruit (A & B-spanne) | | R3,900 | R3,900 | R3,900 | R3,900 |
| | 1ste Span - KES JHB | R3,000 | | | | |
| | Noordvaal ligawedstryde (weg): verblyf | Sal bevestig word | | | | |
| | **Sagtebal** | | | | | |
| | Kamp: HS Eldo | R1,500 | R1,500 | R1,500 | R1,500 | R1,500 |
| | **Sewes Rugby** | | | | | |
| | Noordvaal Uitspele O/17 en O/15 (as kwalifiseer) | R950 | | R950 | | |
| | **Skaak** | | | | | |
| | NWU PUKKE - Skolereeks | R2,300 | R2,300 | R2,300 | R2,300 | |
| | **Skyfskiet** | | | | | |
| | Affiliasie (SANSU) - Sluit in ligakostes | R1,000 | R1,000 | R1,000 | R1,000 | R1,000 |
| | Koeëltjies (kan wissel volgens gebruik) (vir die jaar) | R3,000 | R3,000 | R3,000 | R3,000 | R3,000 |
| | Ope-deelnames (Vrywillig - maar kan slegs d.m.v. die kompetisies kwalifiseer vir die Gauteng Kampioenskappe) | R1,100 | R1,100 | R1,100 | R1,100 | R1,100 |
| | **Tennis** | | | | | |
| | NWU PUKKE - Skolereeks | R200 | R200 | R200 | R200 | |
| | ATKV Buffelspoort - Julie (1 x saamgestelde dogters- en seunsspan) | R3,000 | R3,000 | R3,000 | R3,000 | |